# Sonnerad

**NUUSBRIEF** VAN DIE SA VERENIGING VIR KULTUURGESKIEDENIS
**NEWSLETTER** OF THE SA SOCIETY FOR CULTURAL HISTORY

JG 42, NR 1
VOL 42, NO 1

www.savk.org

Maart 2025
March 2025




Philippolis, Vrystaat
Philippolis, Free State

## Redakteursbrief

Lees in dié uitgawe van ons nuusbrief oor ons lede se erfenisnuus en gebeure wat die jaar nog moet plaasvind. Stuur gerus enige erfenisnuus en gebeurtenisse deur die jaar aan Lizette Jansen by lizetteniemand1@gmail.com om in die *Sonnerad* geplaas te word.

## Editor's letter

Read our members' contributions on heritage news and events in the pipeline for the remainder of 2025, in this issue of our newsletter. Please send any heritage news and events to be advertised in the *Sonnerad,* to Lizette Jansen at lizetteniemand1@gmail.com.

## Wat is nuus? In the news


Uit die Raad / From the Council

Lief en Leed / Love and Loss

Museum- en erfenisnuus:
- Navorsingstrust: aansoeke vir finansiering ingewag
- Boeredag by Talana Museum
- Restourasie loop skeef as gevolg van gebrek aan inligting

# Uit die Raad

Daar is alreeds weer die vooruitsig van ‘n aangename kongres oor die naweek van 29-30 Augustus 2025. Hierdie keer is dit die noorde se beurt om kongresgangers te ontvang, en die Bloemfontein-kontigent het besluit om ons na die dorpie Philippolis in die Suid-Vrystaat te neem. Daar is baie interessante aktiwiteite wat tydens en rondom die kongres sal plaasvind en die venue is waarskynlik vir baie mense ‘n bestemming waar hulle nie dikwels kom nie, of nog nooit was nie. Die tema van die kongres sentreer rondom Suid-Afrikaanse argitektuur, en die volledige omskrywing en uiteensetting sal in die eerste omsendskrywe aan u gestuur word.

Nog ‘n saamkomgeleentheid vir lede van die SAVK en ander belangstellendes is die eendagsimposium wat vanjaar deur die suidelike streektak aangebied word. Ja, hierdie tak het herrys na ‘n tyd van sluimering en wil graag alle navorsers aanmoedig om hul navorsing te bring na dié geleentheid op Vrydag 20 Junie 2025 op Stellenbosch. Daar is nie ‘n voorgeskrewe tema nie, sodat lede van die SAVK en ander navorsers oor enige onderwerp ‘n aanbieding kan kom doen.

Die webtuiste van die SAVK is steeds onder konstruksie. Die vordering is stadig, maar daar word deurgaans daaraan gewerk.

Dan is dit vir my ‘n groot voorreg om dank te bring aan ‘n baie spesiale lid van ons vereniging. Leonie Marais was die afgelope 20 jaar tesourier van die SAVK en het die vereniging getrou en met baie entoesiasme (en baie humor!) gedien. Sy tree in Maart 2025 uit as tesourier en haar pos word gevul deur Elmar du Plessis van Bloemfontein. Leonie, ons sal jou nooit genoeg kan bedank vir jou onbaatsugtige diens aan die vereniging nie. Gelukkig bly jy ‘n lid van die SAVK en sal ons jou steeds sien by ons kongresse en jou heerlike humorsin beleef! Baie dankie aan Elmar wat kans sien om hierdie gewigtige portefeulje oor te neem!

# From the Council

There are already indications that the conference planned for  the weekend of 29 - 30 August 2025 might be filled with delightful prospects. This time, it is the North’s turn to host the conference, and the Bloemfontein contingent decided to take us to the town of Philippolis in the Southern Free State. There are many promising activities that will take place during and around the event and the venue is probably a destination rarely seen or experienced by many. The theme of the conference focuses on South African architecture, and full details will be made available in the first circular.

Another event planned for the SASCH members and other interested parties is the one-day symposium hosted by the southern regional branch this year. Yes, this branch has been resurrected after a time of slumber and would like to encourage all researchers to bring their research to this event on Friday, 20 June 2025 in Stellenbosch. There is no prescribed theme, so that members of the SASCH and other researchers present on any topic.

Although progress is very slow, the SASCH website is continuously receiving attention.

Lastly, it is a great privilege for me to thank a very special member of our association. Leonie Marais has been treasurer of the SASCH for the past 20 years and has served the association faithfully and with much enthusiasm (and humour!). She will step down as treasurer in March 2025 and her position will be filled by Elmar du Plessis of Bloemfontein. Leonie, we will never be able to thank you enough for your selfless service to the Society. Fortunately, you remain a member of the SASCH and we will continue to see you at our conferences and experience your wonderful sense of humour! Many thanks to Elmar for taking over this weighty portfolio!



**Prof Matilda Burden**
**Voorsitter / Chairperson**

---

## Versoek van die SAVK-argief

Lede word versoek om enige SAVK-dokumentasie, insluitend redakteursverslae van die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis, na die eersvolgende kongres te bring, of te skandeer en aan Astrid Schwenke te stuur ten einde dit in die SAVK-argief op te neem. Dokumente en navrae kan aan Astrid Schwenke gestuur word by astridschwenke@worldonline.co.za.

## Request from the SASCH-archive


Members are requested to submit any SASCH documentation, including editorial reports from the South African Journal of Cultural History, to the next congress, or to scan and send them to Astrid Schwenke in order to include them in the SASCH archive. Documents and enquiries can be sent to Astrid Schwenke at astridschwenke@worldonline.co.za.

---

# In Memoriam

Dit is met hartseer dat ons afskeid neem van twee literêre meesters: Breyten Breytenbach en Annelie Botes wat laat in 2024 oorlede is.

## Breyten Breytenbach





Digter, romanskrywer, skilder en aktivis, Breyten Breytenbach is op die ouderdom van 85 op 24 November 2025 in Parys, Frankryk, oorlede. In sy skryfwerk het Breytenbach gefokus op temas van ballingskap, identiteit en geregtigheid, en is bekend vir werke soos *Die Ysterkoei moet sweet* (1964), *True Confessions of an Albino Terrorist* (1984), en *Return to Paradise* (1993).

Hy het onder sy eie naam en die volgende pseudoname geskryf: B.B. Lasarus, Jan Blom en Jan Afrika.

Breytenbach het ook bekendheid verwerf vir sy aktivisme teen apartheid, en was bekend as die prominentste gevangenisskrywer van Suid-Afrika nadat hy nege jaar tronkstraf uitgedien het.

## Annelie Botes




Die skrywer, Annelie Botes is op die ouderdom van 67 na ‘n lang siekte op 12 Desember 2024 oorlede. Botes was geag as een van Suid-Afrika se meesterstorievertellers. Haar skryfwerk is gekenmerk deur die behandeling van moeilike maar menslike temas, en sy is bekend vir werke soos *Trippel Sewe* (2007), *Raaiselkind* (2001) en *Thula-Thula* (2009). Sy was ook ‘n gereelde rubriekskrywer vir *Die Burger* en *Volksblad*.

# In Memoriam

It is with sadness that we say goodbye to two literary masters: Breyten Breytenbach and Annelie Botes who passed away in late 2024.

## Breyten Breytenbach

Poet, novelist, painter, and activist, Breyten Breytenbach passed away on 24 November 2025, at the age of 85, in Paris, France. Breytenbach focused on themes of exile, identity, and justice, and is known for works such as *Die Ysterkoei moet sweet* (1964), *True Confessions of an Albino Terrorist* (1984), and *Return to Paradise* (1993).

He wrote under his own name and the following pseudo-names: B.B. Lazarus, Jan Blom and Jan Afrika.

Breytenbach also gained notoriety as an activist against apartheid, and was known as South Africa's most prominent imprisoned writer after serving nine years in prison.

## Annelie Botes

The author, Annelie Botes passed away on 12 December 2024 at the age of 67 after a long illness. Botes was regarded as one of South Africa's master storytellers. Her writing has been characterized by dealing with difficult but humane themes and is known for works such as *Trippel Sewe* (2007), *Raaiselkind* (2001), and *Thula-Thula* (2009). She was also a regular columnist for *Die Burger* and *Volksblad*.

---



# Navorsingstrust: aansoeke vir finansiering ingewag

Die Navorsingstrust van die Erfenisstigting nooi navorsers hartlik uit om vir finansiering vir gevorderde studie aansoek te doen. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Maart 2025.

Die Navorsingstrust is in 2005 deur die Erfenisstigting (ES) op die been gebring. Die ES is ’n maatskappy sonder winsoogmerk en het ten doel om met belanghebbende instellings saam te werk om breë navorsing oor Afrikaner- en Afrikaansverwante aangeleenthede te bevorder, uit te voer, te finansier en te koördineer.

Finansiering vir gevorderde studie oor Afrikaner- en Afrikaansverwante onderwerpe is tans beskikbaar. Aansoeke van die volgende aard sal nie vir finansiering in aanmerking kom nie: fiksie, familiegeskiedenis (wel oor genealogie as ’n wetenskap), kongresbywoning en kapitaalprojekte. Navorsing moet aan streng akademiese vereistes voldoen en die resultate moet in Afrikaans gepubliseer word.

Om aansoek te doen, kontak Lizette Jansen by lizette@kultuurtuiste.org.za. Slegs aansoeke wat teen 31 Maart 2025 ontvang is, sal oorweeg word.

---

# Boeredag by Talana Museum (1 Maart 2025): Gemeenskapsbetrokkenheid is ’n wenplan

**deur Alana Bailey**

In 2024 het AfriForum ’n artikel gepubliseer oor Talana Museum in Dundee. Dit het gehandel oor die groot verskeidenheid projekte wat daar aangepak word, uitstallings wat te besigtig is en aktiwiteite vir besoekers.

Vir instandhouding en herstelwerk is die museum uitsluitlik afhanklik van inkomste wat verkry word uit funksies wat daar aangebied word. Fondse is ook nodig vir die bestuur van die argief, wat ’n kosbare versameling dokumente bevat. Dit het betrekking op die families wat hulle in die omgewing gevestig het, asook die boerdery, militêre geskiedenis, steenkoolmynbou en ander erfenistemas van die gebied.

Donasies is natuurlik nog ’n belangrike inkomstebron om die groot taak te verrig en AfriForum het dus ’n donasie aan die museum bewillig vir die bewaring en publikasie van dagboeke waaroor die museum beskik. Hierdie dokumente gee ’n eerstehandse blik op die ervarings van die destydse mense van die omgewing.

Vanjaar se eerste groot fondsinsamelingsgeleentheid by die museum vind DV op Saterdag 1 Maart 2025 plaas. Dit sal ’n boeredag wees, met die museum wat sy versameling implemente en gereedskap wat oor die afgelope 40 jaar deur boere daaraan geskenk is, saam met moderne trekkers en implemente ten toon sal stel. Al sewe landbou-organisasies van die omgewing het hulle steun aan die projek toegesê. Besighede wat die breër landbousektor bedien, is ook uitgenooi om met die fondsinsameling te help deur hul produkte daar te vertoon. Van groot nasionale besighede, tot kleiner sake en selfs eenmanbesighede sal deelneem. Van die interessante uitstallers is mense wat gewasbespuiting met hommeltuie doen, mense wat damwalle of baggerdamme herstel en verteenwoordigers van saadmaatskappye en plaaslike plaasveiligheidstelsels. Plaasdiere, pluimvee en selfs posduiwe sal in krale te siene wees wat deur AAM Livestock Agents and Auctioneers geborg word.

Die museum gaan 12 van die waens in sy versameling gebruik vir ’n parade deur die terrein, terwyl kommentaar gelewer word oor die geskiedenis van elke wa, asook waar en hoe die museum dit bekom het. Mense in periodedrag sal die waens vergesel om te illustreer deur wie en hoe die waens gebruik is. Farmtrac, Case en plaaslike boere gaan trekkers voorsien om die erfeniswaens te trek.




Die museum se teetuin sal in ’n tydelik restaurant omskep word vir ’n aandete onder die sterre. Gemeenskapsorganisasies soos die Rotariërs en die Eventide Bejaardesorgsentrum sal die geleentheid kry om deur middel van verkope fondse vir hulle gemeenskapsprojekte in te samel. ’n Plaaslike kleuterskool sal vermaak vir kinders verskaf en sodoende ook fondse insamel. Hulle het toestemming gekry om ’n permanente oerwoudgimnasium naby die restaurant op te rig sodat ouers ’n ogie oor die kleingoed kan hou terwyl hulle oor ’n koppie koffie of tee kuier.

Die plaaslike jukskeiklub gaan twee bane vir die dag bou, maar het toestemming gevra om meer te bou sodat die museum uiteindelik deel van die jaarlikse jukskei-kompetisieterreine in Noord-Natal kan word.

’n Besondere deel van die dag se program sal die bekendstelling wees van die publikasie van een van die dagboeke wat die museum bewaar. AfriForum het ’n bydrae aan die museum geskenk vir sodanige bewaring en publikasieprojekte en hierdie is die gevolg daarvan. Dit is die dagboek van Nita Meyer. Sy en haar man, Izak, het by Twyfelfontein naby Laffnie’s Drift aan die Buffelsrivier geboer. Haar oorspronklike dagboek beslaan honderde bladsye wat by Talana Museum geberg word. Izak was ’n burgemeester van die Utrecht Republiek en ’n broer van president Lukas Meyer van die Nieuwe Republiek op Vryheid. Nita was die dogter van dokter Aveling van Harrysmith.

Volgens Pamela McFadden, voorsitter van die Talana Museum Trust, was dit ’n besonder interessante projek. Vriende van die Museum het hard gewerk om die oorspronklike Nederlandse teks in beide Afrikaans en Engels te vertaal. Pamela het die teks dae lank saam met drie ander medewerkers geproeflees en gepaste foto’s uit die museum se argiefversameling gekies om die dagboek te illustreer.

Algaande het die projek bekend geraak, met die gevolg dat lede van die publiek nog dagboeke aan die museum geskenk het. Afstammelinge van die mense wat dit oorspronklik geskryf het, het ook meer foto’s voorsien. Dit het ’n wonderlike geleentheid geskep om belangstelling in die omgewing, die geskiedenis daarvan en die mense wat daar gewoon het, aan te wakker. Dit was interessant om te sien dat soveel van die genoemde families se afstammelinge steeds in die omgewing bly en sommige nog op hul familieplase woon.

Die Talana Museum Trust het boere gekontak om ou grafte en begraafplase op hul plase te vind. Dit het ook hul belangstelling in die geskiedenis opgewek. Pamela vertel dat sy selfs ’n boer moes vra om bo-op ’n hoë heuwel te klim om na ’n begraafplaas te gaan kyk, waarna hy drie dae lank indringerplante moes snoei en uitskoffel om by die begraafplaas uit te kom en foto’s van die grafstene vir die dagboek te neem.

Die projek het nuwe lede gewerf vir Vriende van die Museum en vrywilligers wat betrokke wil raak. Die boereverenigings het ook fondse geskenk sodat al die plaasimplemente geverf en die waens gerestoureer kon word. Boere help die museum verder om gras te sny. Hulle baal dan die gras en verkoop dit om die koste van arbeid en diesel te dek.

Die museum en hierdie projekte is die ideale voorbeeld van gemeenskapskrag. Nie alleen het die museum en trust se planne belangstelling geskep nie, maar verskeie belangegroepe soos AfriForum het betrokke geraak. Verskeie gaan hopelik langertermyn-verbintenisse bou. Daar word voorsien dat die boeredag ’n jaarlikse geleentheid by die museum sal word. Pamela gee erkenning aan AfriForum se rol in die proses, maar die feit is dat elke persoon of instelling wat deelneem, eintlik ’n belegging in ons toekoms maak deur ons erfenis onder die vlerk te neem.

Navrae oor die museum of boeredag kan gerig word aan Pamela McFadden by pammcfadden1@gmail.com.

# Restourasie loop skeef as gevolg van gebrek aan inligting

**deur Okert Stander**

George is ʼn belangrike historiese dorp in Suid-Afrika, want dit is die eerste dorp wat na die Britse besetting van die Kaap gestig is. Ten opsigte van erfenisbewaring is die dorp ʼn toonbeeld van opeenvolgende, onverskillige owerhede en ʼn onbetrokke gemeenskap gedurende die laaste twee eeue. Dit is van die allergrootste belang dat daar met kundigheid en akademiese leiding ingegryp moet word om van die oudste argitektuur in hierdie hoofstad van die Suid-Kaap te bewaar. Onkunde oor erfenis, kultuur en spesifiek argitektuur, sowel as onkunde oor erfeniswetgewing speel ʼn rol.

Daar bestaan drie erfenis organisasies in George, naamlik George Erfenis Trust, Stigting Simon van der Stel en die Estetiese en Erfenis komitee van die Munisipaliteit. Van hulle take is onder meer om toe te sien dat ontwikkelaars en eienaars die nodige toestemming by Erfenis Wes-Kaap kry wanneer daar aan geboue ouer as 60 jaar gewerk word. Die organisasies help ook om na die verskeie bewaringsaspekte in George om te sien. Die bewaring van passe, geboue, bome en begraafplase ressorteer ook onder hulle.

Wanneer na bewaring verwys word, is dit belangrik om te bepaal watter deel of aspek van ʼn erfenis bewaar en behou moet word en waarmee weggedoen kan word. Die probleem ontstaan gewoonlik wanneer ʼn aansoek goedgekeur, of afgekeur moet word. Ongelukkig het dié organisasies nie ʼn amptelike riglyn waarvolgens die ontwikkelaar kan werk om sodoende die korrekte restourasieproses te volg nie. Restourasiewerk word in baie gevalle aan ontwikkelaars oorgelaat en gevolglik verloor sommige geboue hulle argitektoniese waarde.

Die gebou op die hoek van Albert- en Hopestraat (Erf 2925) in George dien as gevallestudie. Dié gebou is ouer as 60 jaar en is in Augustus 2024 in die aktekantoor op die naam van die nuwe eienaar geregistreer. Die eienaar was bewus van die ouderdom van die gebou, maar het sonder enige toestemming met restourasie begin. In Desember 2024 dien hy ʼn aansoek by dié komitees in en vra toestemming om op sy eie voort te gaan. Die aansoek word afgekeur, maar nie een van die komitees wys op foute wat reeds begaan is nie, en daar is ook nie ʼn riglyn waarvolgens te werk gegaan moet word nie. Die gebou in figuur 1 en 2 toon dat daar wel ʼn veranda begin is wat die stoep bedek, ʼn deur wat van die stoep af toegang tot die huis verleen, asook die oorspronklike vensters.



**Figuur 1: Vooraansig, veranda sigbaar**



**Figuur 2: Vooraansig met die deur en vensters sigbaar.**

Intussen het die nuwe eienaar begin restoureer en in figuur 3 is al die verkeerde veranderinge sigbaar.

Verkeerde restourasiewerk kan voorkom word as George se erfenis-organisasies gesamentlike riglyne opstel. Wanneer aansoeke goedgekeur word, kan dit dan aan die eienaar en of ontwikkelaar voorsien word.



**Figuur 3: Die deur is toegebou, vensters vervang en die veranda verwyder.**

Hierdie uitgawe van die *Sonnerad* is saamgestel en versorg deur Lizette Jansen.
Taalversorgers: Estelle Pretorius (Afrikaans)
Cecilia Kruger (Engels)

Die Sekretaris
SA Vereniging vir Kultuurgeskiedenis
Posbus 11403
Hatfield
0028
RSA
petra@kultuurtuiste.org.za

The Secretary
SA Society for Cultural History
Po Box 11403
Hatfield
0028
RSA
petra@kultuurtuiste.org.za